

Gee aan die HERE die eer van sy Naam; aanbid die HERE in heilige sieraad!

(Psalm 29:2 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 49:1 (p. 248)

- 1 Kom luister, volke wat die aarde^ooordek, / wat woon so ver die wêreldlande strek!
Kom aan, wie klein en arm is in die land, / saam met die rykes, hoog in eer en stand!
My hart en mond bring enkel wysheid voort. / Ek neig my oor en luister na 'n woord;
'n diep geheim – 'n stof vir harpenare – / sal ek vertolk by ruising van my snare.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 103:9 (p. 506)

- 9 Maar Gods genade^oen goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 19:6 (p. 83)

- 6 Hoe word, deur U vermaan, / my weg 'n helder baan, / en my verwagting skoon!
Hy wat u wet bemin, / die vind, o HEER, daarin / 'n groot genadeloon.
Wie kan van voor af aan / sy dwalinge verstaan / en al wat hom ontbreek het?
HEER, reinig U my tog / van sondes wat daar nog / diep in my hart bly steek het.

Skriflesing: Eksodus 34: 11-22; 29-35

Teks: Eksodus 34:32; Kategismus Sondag 34

En daarna het al die kinders van Israel nader gekom, en hy het hulle alles beveel wat die HERE met hom gespreek het op die berg Sinai. (Eksodus 34:32 AFR1953)

'n Mens kan nie sommer self gaan besluit hoe hy die Here wil dien nie.

- As jy iets doen waarvan die Here nie hou nie, of jy doen dit anders as wat Hy dit gedoen wil hê, het jy moeilikheid.
- In jou omgang met die Here moet jy doodeenvoudig jou knieë buig voor elke ding wat Hy sê, anders doen jy sonde.

Ons lees in die Romeinebrief die volgende:

Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. (Romeine 6:23 AFR1953)

- Dus: die betaling vir die sonde is die dood.
- Iemand wat onbekeerlik volhard in die sonde, gaan dus nie die binnekant van die hemel sien nie.

Hoe weet ons dat ons nie met ons manier van aanbid sonde doen nie en dat ons ons Skepper met die manier waarop ons aanbid behaag? Ons wil tog nie deur die sonde totaal doodgemaak word nie?

- Ons moet die wet van die Here saam met hierdie uitspraak in die Bybel sien.
- Soos wat die wet op Sinai gegee is, beteken dit twee dinge:
- Eerstens belooft dit loon aan die mense wat die wet onderhou.
- Tweedens belooft dit straf aan die mense wat die wet nie onderhou nie – vir hulle is die wet 'n dreigement.

Ons gee in hierdie preek aandag aan die volgende sake:

1. Waarom het die Here die Wet gegee?

2. Die inhoud van die Tien Gebooië

3. Wat is die bedoeling van die Wet?

4. Wat is nou ons verantwoordelikheid?

1. Waarom het die Here die Wet gegee?

Israel het pas uit Egipte gekom.

- Egipte was 'n land wat besaai was met afgode.
- Dit was ook 'n land waar die mense wat afgodspriesters en waarsêers en die heidense towenaars die belangrikste mense was.

Daarby moet u onthou dat Egipteland destyds handel gedryf het met feitlik alle bestaande volke van die wêreld.

- Al die handelspaaie het na Egipte geloop.
- Dit het die mense van Egipte met letterlik alle afgodsdienste van daardie tyd in aanraking gebring.

Die Israëliete het so lank onder die Egiptenaars gebly dat daar sommiges van hulle was wat toe later self allerhande afgode aanbid, of ten minste gedeeltelik aanbid het.

- Hiervan is die goue kalf 'n baie duidelike voorbeeld.
- Dit was dinge wat hulle in Egipte geleer het; hulle het dit nie vir die eerste keer in die woestyn uitgedink nie.

Dis waarom daar in die heel eerste gebod geskrywe staan:

Julle mag geen ander gode voor My aangesig hê nie!

- Die Here het geweet dat die Israëliete in Kanaän ook nog met die Filistyne en Moabiete en ander nasies se afgode in aanraking gaan kom.
- Omdat God ook God van die geskiedenis is, het Hy geweet dat die Israëliete agter hierdie mense se afgode gaan aanloop.

Daar was dus 'n dringende behoefte daaraan dat die Israëliete godsdienstig opgevoed moes word, want hulle was aan al hierdie dinge blootgestel.

- Hulle moes geleer word dat daar net een ware God is, en dat al die ander godsdienste afgodsdienste was.
- Hulle moes ook geleer word dat afgodsdienste gestraf word, omdat die mense wat afgodsdienste beoefen, die Here verlaat het.

2. Die inhoud van die Tien Gebooië

Die eerste vier gebooe leer die volk wat hulle verhouding met en hulle verpligting teenoor die Here is.

Kyk na die inhoud van die wet:

- Die eerste gebod handel oor die liefde tot God – erediens.
- Die tweede een oor diens aan God – die feit dat beelddiens nie beoefen mag word nie.
- Die derde gebod handel oor die Naam van God.
- Die vierde gebod gee ons opdrag oor hoe die dag van die Here gevier moet word.

Dit was die eerste tafel wat Moses onder sy een arm gedra het.

Die tweede tafel het 'n hele stel nuwe gebooe bevat. In hierdie tweede stel gebooe gaan dit oor die verhouding van een mens tot ander mense.

- Die vyfde gebod leer ons van die gesag van ons meerderes.
- Die sesde gebod beskerm die lewe van die mens.
- Die sewende bewaar die reinheid van die huwelik.
- Die agste handel oor die eiendom van die mens.
- Die negende beskerm die eer van elke mens wanneer die Here die mens verbied om sy naaste te loop en beswadder.
- Die tiende gebod verbied die mens om allerhande slegte en verkeerde begeertes te hê.

U sien dadelik dat die Tien Gebooe so geskryf is dat dit alle terreine van die lewe dek.

- Die Here openbaar daarmee aan ons dat daar werklik niks op die aarde is wat nie onder die heerskappy van God is nie.
- Die doel van hierdie tien gebooe is dat ons God as die enigste God moet ken, en weet dat Hy alleen God is oor al wat leef.

3. Wat is die bedoeling van die Wet?

In die hemel sal ons eendag die volle openbaring van die heerlijkheid van die Here hê, want die Here sal self oor ons en by ons wees, en ons sal altyd by Hom wees.

- Maar hier op die aarde waar ons nou nog is, is dit anders.
- Hier kan ons die Here net ken uit dit wat Hy aan ons openbaar.

Die Here openbaar baie dinge aan ons:

- Hy openbaar sy heerlijkheid; sy sterkte en sy almag;
- Hy openbaar aan ons sy wil, met ander woorde wat Hy wil hê wat moet gebeur. Dit sluit die manier waarop ons die Here moet aanbid in.

Hoe openbaar die Here Hom sodat ons Hom kan ken en sy wil verstaan?

- Een van die maniere waarop die Here Hom aan ons openbaar, is deur die Tien Gebooe – dit het ons geles.
- Die Here het daar by die berg Horeb geopenbaar wat die mense moet doen om Hom te aanbid.
- Die Here het toe hierdie wette vir Moses gegee.
- Moses moes die opdrag aan die volk gaan gee om die wette almal te gehoorsaam, anders gaan hulle gestraf word.

Die punt waaroor dit gaan, is dat ons baie goed moet onderskei tussen ons wette en die Here se wette, want ons sal altyd met al ons beplanning en wette voor die wet van God moet buig.

Ons het geen keuse anders as om te gehoorsaam nie, want die wet van die Here is enig in sy soort:

- Die wet van die Here staan bo alle menslike wette.
- Dit is ook onmisbaar vir alle mense.

Natuurlik is dit baie belangrik dat ons ook moet verstaan dat ons in 'n ander verhouding tot die Tien Gebooe staan as wat die klomp Israeliete daar in die woestyn teenoor die wet gestaan het.

- In hulle tyd was hulle nog onder die werkverbond.
- Baie grof gestel beteken dit dat wetsonderhouding 'n verpligting was vir toelating om in die hemel te kom.

Ons is nie meer daar nie:

- Ons is versoende en verlostes kinders van God deur die Here Jesus Christus.
- Sit ons dit langs die wet neer, dan beteken dit dat ons vrygemaak is van die dwang van wet.
- Ons is vry daarvan dat as ons die wet nie ten volle kan onderhou nie, dat ons die hel en die ewige dood as straf gaan kry. Die Here Jesus het gesterf sodat daar vir ons versoening is as ons berou het wanneer ons die wet oortree en uit ons sondes opstaan.

Die kruisdood van die Here Jesus was tot ons versoening omdat ons totaal in onvermoë is om die wet behoorlik te kan onderhou. Toe volbring Hy dit vir ons.

- Ons is verlostes in die Here Jesus Christus.
- In Hom ontvang ons die liefde en vergifnis van God die Vader.

4. Wat is nou ons verantwoordelikheid?

Dit feit dat die Here Jesus ons vrygemaak het van die wet, beteken nie dat ons nou sonder verantwoordelikheid gelaat is nie.

- U moet onthou dat die Here Jesus ons status verander het van verlorenes na kinders toe.
- Kindskap bring nuwe verantwoordelikheid.

Kindskap vereis juis gehoorsaamheid, want 'n kind kan nie doen wat hy wil nie.

- Hy moet doen wat die reëls van die huis van hom vra.
- Daarom gee die vrymaking van die wet nie toestemming dat ons losbandig kan lewe nie.

Ons bly dus gebonde aan die wet.

Ons verbintenis met die wet is net heeltemal op 'n ander vlak as wat dit in die Ou Testament die geval was.

- Toe moes hulle die wet onderhou om straf vry te spring.
- Ons gehoorsaam nie die wet om straf vry te spring nie, want ons straf is reeds gedra deur die Here Jesus Christus.

Ons onderhou die wet uit gehoorsaamheid en uit dankbaarheid aan die Here Jesus Christus wat vir ons die wet onderhou het, sodat die wet ons nie voor God kan beskuldig nie.

Die wet leer ons dus dat ons nie kan lewe sonder godsdiens nie.

- Godsdiens is alles wat jou lewe omsluit.
- Godsdiens is nie net die erediens, en wat jou kerk alles doen nie.
- Godsdiens is alles wat jy elke oomblik doen, en hoe jy jou daarvoor voor die Here verantwoord, want God heers oor alles.

In kort saamgevat leer die wet ons om God lief te hê, te eer en te vrees.

In Kolossense 3:17 staan die volgende:

En wat julle ook al doen in woord of in daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom. (Kolossense 3:17 AFR1953)

Doen alles en dank God. *Dit veronderstel dus dat ons die wet nakom uit dankbaarheid.*

Dit is so om twee redes:

- Die eerste is omdat die wet ons die kennis gee om te onderskei tussen goed en kwaad.
- Ons word deur die Here gelei om die vermoë te hê om te weet wat reg en wat verkeerd is.
- Dit maak dit vir ons moontlik om die Here op die regte manier te kan dien.
- Maar dit is ook so dat ons dit nog nie kan doen nie, want ons is te sondig van geaardheid.
 - Dit bring ons by die tweede rede waarom die wet 'n reël van dankbaarheid is.
- Die Here Jesus het hierdie wet, wat 'n verskrikking is omdat ons dit nie kan onderhou nie, vir elkeen van ons onderhou.
- Nadat Hy die straf vir ons wetsoortreding gedra het, het Hy die Heilige Gees na ons toe teruggestuur om ons kragtens die verdienste van Jesus Christus te leer onderskei tussen wat God van ons verwag en wat Hy ons verbied.

Daar is natuurlik baie dinge wat ons van die Here Jesus moet glo, maar ten opsigte van die wet is daar veral hierdie een saak wat sterk na vore tree.

- Dit is dat God Hom in die Wet aan ons openbaar.
- Maar ons kon die Here nie ten volle daardeur dien nie.
- Daarom kom die Here Jesus en onderhou die wet vir ons, sodat ons steeds in die genade van God kan staan.

So verdwyn die verskrikking van die wet in die Here Jesus. Dit word 'n reël van dankbaarheid, omdat dit 'n weergawe word van die werk wat die Here Jesus gedoen het, sodat ons onverdiend in die hemel kan ingaan.

Kom ons lees Kategismus Sondag 34 saam.

Vraag 92: Hoe lui die Wet van die Here?

Antwoord: *God het al hierdie gebooie aangekondig (Eks 20:1-17; Deut 5:6-21): Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis uitgelei het.*

Die eerste gebod

Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.

Die tweede gebod

Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder die aarde is of van wat in die water onder die aarde is nie. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en nie dien nie, want Ek, die Here jou God, is 'n jaloerse God, wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en die vierde geslag van die wat My haat. En Ek bewys barmhartigheid aan diensende van die wat My liefhet en My gebooie onderhou.

Die derde gebod

Jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Die vierde gebod

Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen, maar die sewende dag is die sabbat van die Here, dan mag jy geen werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie.

Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het Hy die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Die vyfde gebod

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die Here jou God aan jou gee.

Die sesde gebod

Jy mag nie doodslaan nie.

Die sewende gebod

Jy mag nie egbreek nie.

Die agste gebod

Jy mag nie steel nie.

Die negende gebod

Jy mag geen vals getuienis teen jou naaste spreek nie.

Die tiende gebod

Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg, of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie.

Vraag 93: Hoe word hierdie gebooie ingedeel?

Antwoord: *In twee tafels (a), waarvan die eerste in vier gebooie ons leer hoe ons ons teenoor God moet gedra, die tweede in ses gebooie, wat ons aan ons naaste verskuldig is (b).*

(a) Deut 4:13; Eks 34:28; Deut 10:3, 4. (b) Matt 22:37, 40.

Vraag 94: Wat gebied God in die eerste gebod?

Antwoord: *Ek moet ter wille van my siele heil en saligheid alle afgodery (a), towery, waarsêery, bygeloof (b), aanroeping van heiliges of ander skepsels (c) vermy en daarvan wegvlug. Ek moet die enige ware God reg leer ken (d), Hom alleen vertrou (e), my slegs aan Hom met alle nederigheid (f) en geduld onderwerp (g) en van Hom alleen alle goeie dinge (h) verwag. Ek moet Hom met my hele hart liefhê (i), vrees (j) en eer (k). Sodoende sien ek eerder van alle skepsels af as om in die minste teen sy wil te handel (1).*

(a) 1 Joh 5:21; 1 Kor 6:10; 10:7, 14. (b) Lev 19:31 Deut 18:9, 10, (c) Matt 4:10; Op 19:10; 22:8, 9. (d) Joh 17:3. (e) Jer 17:5, 7. (f) 1 Pet 5:5. (g) Heb 10:36; Kol 1:11; Rom 5:3, 4; 1 Kor 10:10; Fil 2:14. (h) Ps 104:27; Jes 45:7; Jak 1:17. (i) Deut 6:5; Matt 22:37. (j) Deut 6:2; Ps 111:10; Spr 1:7; 9:10; Matt 10:28. (k) Matt 4:10; Deut 10:20. (1) Matt 5:29; 10:37; Hand 5:29.

Vraag 95: Wat is afgodery?

Antwoord: *Dit is om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar, het, of naas Hom iets anders uit te dink of te hê waarop jy jou vertrou stel (a).*

(a) Ef 5:5; 1 Kron 16:26; Fil 3:19; Gal 4:8; Ef 2:12; 1 Joh 2:23; 2 Joh 9; Joh 5:23.

Amen.

Slotgebed

Ons dank U dat U U genade aan ons openbaar.

Ons dank U ook dat dit u genade is wat vir ons die redding bewerk het, en dat U ons al ons sondes vergewe het in Jesus Christus, ons Here.

Here, laat ons U altyd ken as die oorsprong van alles in ons lewe, en laat ons met verlange U koninkryk uit die hemele verwag.

Ons bid vir al hierdie genade in die Naam van ons Here Jesus Christus.

Amen.

Slotpsalm 138:1 (p. 670)

1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,
en voor die godeⁱⁿ psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.

En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 30 Augustus 2009